

Agt preke van ds Frikkie van Rensburg **GK Rustenburg Noord-Oos**

Skriflesing: Josua 5:1-15

Teksverse: Vers 13-15

TEMA: Die Engel van die HERE in die stryd namens ons

Geliefdes in ons Here, hoeveel keer moet die kerk van Jesus Christus nie in moedeloosheid wonder of daar iemand is wat die stryd namens ons kan stry en oorwin nie? Ons moet weet dat ons die strydende kerk is en in die hierdie stryd kom daar tye van moedeloosheid, angs en beproewings. Ons moet voortdurend struikelblokke oorkom en geestelik stry. Maar dan troos God se Woord ons vanoggend wanneer Josua 5 aan ons openbaar dat die strydende kerk nie alleen is in haar stryd nie. Die volk, Israel (die Ou Testamentiese kerk) is deur God met groot almagsvertoon uit Egipte verlos. Hy het hulle deur die Rooisee gebring na die woestyn om hulle gereed te maak vir die beloofde land. Maar in die woestyn raak hulle opstandig teen God en dan stel God sy beloftes uit. Net twee manne wat toe veg-ouderdom was het bly leef om uiteindelik die land van melk en heuning te sien – Josua en Kaleb. So vat God dan die volk deur die Jordaanrivier met die opdrag om al die volke en nasies wat in die beloofde land woon uit te delg en te vernietig. God deel nie sy woonplek met 'n afgod nie. En die persoon wat God hierdie geweldige taak oplê om die volk te lei is Josua. En die eerste uitdaging wat God vir Josua en Israel stel is dat hulle die stad Jerigo moet inneem. Jerigo was so 8km vanaf die land se grens, oos van die Jordaan. Omdat Jerigo die eerste vestig was kon mens verwag dat die stad se sekuriteit van die beste sou wees. Dubbel hoë mure om die stad met 'n hoek wat dit maklik sou maak vir die boogskutters om enige iemand wat probeer oorklim net daar te dood. Josua weet, die inname van hierdie stad is geen maklike taak nie. En daarom gaan hy die dag voor die tyd uit na Jerigo om strategies te gaan dink oor die saak. En soos Josua daar alleen die saak bedink staan daar meteens iemand by hom. Waar hierdie "iemand" vandaan kom kan nie verklaar word nie, daarom sê die skrywer met verbasing in die Hebreeuse taal (v.13): *en kyk...* En dit wat Josua sien as hy sy oë oë oë laat die groot stad Jerigo met sy hoë mure na 'n geringe saak lyk. Hy sien 'n man met 'n ontblote swaard in sy hand. 'n Man wat lyk of hy nou gereed is om toe te tree tot die stryd. Geen wonder dat Josua dadelik aan hierdie man vra (v.13): *Behoort U by ons of by ons vyande?* Sodat hy kan weet waar hy met hierdie Man staan. Dan antwoord hierdie Man direk: *Nee...* So asof Hy vir Josua wil sê – ek veg vir geen mens nie en ek ontvang ook nie opdragte van

‘n mens nie. Dan openbaar hierdie Man hom aan Josua deur te sê (v.14): ...*maar EK-IS*... Om die woorde “EK-IS” in die oorspronklike Hebreeus te hoor klink soos die Godnaam. Daarom openbaar God Hom ook aan Moses as Hy Israel uit Egipte moes lei as: *EK-IS*... En buiten die feit dat Hy Homself as “EK-IS” sê Hy ook vir Josua – *Ek is die leërowerste van die HERE; Ek het nou gekom*. Wat ‘n ontsaglike gesig moes dit nie vir Josua gewees het nie. Hier staan ‘n man met ‘n swaard in sy hand, wat Homself openbaar op die Godnaam en sy rang bekend maak as *Leërowerste van die HERE*. Wie is hierdie Leërowerste van die HERE, geliefdes? Wie is dit wat Josua kom bystaan in sy uur van geestelike stryd?

Laat die Skrif Homself verklaar in hierdie verband.

- Baie liberale Skrifverklaarders en Skrifkritici meen dit was ‘n gewone engel. Maar ons sien dat Josua in aanbidding voor hierdie Man neerval en Hy hom nie keer nie. Wat gebeur in Openb. 22 as Johannes voor ‘n engel wil neerval en die aanbid? Die engel sê vir hom *Moenie! Want ek is ‘n mededienskneg van jou en van jou broers, die profete... Aanbid God!*
- Was dit dalk God die Vader wat aan Josua self kom verskyn het? Dit sou ook nie kon wees nie, omdat daar duidelike onderskeid gemaak word tussen die Leërowerste en die HERE. Die HERE is dus die een wat die leërowerste stuur. Anders sou Christus nooit in die Johannes-Ewangelie soveel klem daarop geplaas het dat Hy van die Vader gestuur is.

Hy is die leërowerste van die HERE. Oor watter leër/weermag is hy die owerste? ‘n Hemelse weermag van engele (1 Konings 22:19 / Psalm 103:20-21). Die identiteit van hierdie leërowerste van die HERE wil voorkom asof dit dieselfde persoon is wat beskryf word as die Engel van die HERE. Skrifgeleerdes bied drie opsies aan:

- Dit kon ‘n gewone engel gewees het – Dit lyk die minste die geval te wees, omdat hierdie Leërowerste in die volgende hoofstuk aangespreek word as HERE, self.
- Kon dit dalk God die Vader gewees het wat Homself in menslike vorm voordoen? Ons sien in Eks. 23 dat daar ‘n onderskeid getref word tussen die Vader en die Engel.
- Of kon dit dalk die direkte openbaring gewees het van die Tweede Persoon in die Goddelike Drie-Eenheid, nl. Jesus Christus? Kon Jesus Christus 1000de jare voor sy Menswording reeds aan Josua verskyn het om hom in sy geestelike stryd by te staan? Laat die Skrif self vir ons die antwoord gee.

Josua sien hierdie Man met 'n ontblote swaard in sy hand, gereed vir oorlog. Is dit toevallig dat Daniël presies dieselfde Man sien (10:6) of dat Esegël dit sien in 1:26-28? Nee, geliefdes, want in die Nuwe Testament in die heel laaste boek – Openbaring, wat handel oor die openbaring van Jesus Christus lees ons (1:14-16) - *“En in sy regterhand het Hy sewe sterre gehou, en 'n skerp tweesnydende swaard het uit sy mond uitgegaan, en sy aangesig was soos die son wat skyn in sy krag.”* En hierdie Man openbaar Homself aan Johannes as: *EK-IS* die Alfa en die Omega, die eerste en die laaste... In Johannes 8 erken Christus dat Hy die Een is wat deur die Vader gestuur word, om te doen wat die Vader gedoen wil hê. Wat sou Christus daar kom maak het, geliefdes? Hy kom vir Josua sê: Jy (en die Ou Testamentiese kerk) is nie alleen in jou stryd nie. Toe Josua dit die nodigste gehad het ontvang hy 'n Christus-openbaring. Hy ken ons diepste nood en bekommernis en Hy reageer daarop.

- Toe Hagar in haar kinderloosheid geworstel het (Gen. 16) was die ENGEL van die HERE daar om haar te bemoedig en te verseker dat sy 'n kind sal hê.
- Toe Abraham in sy besorgdheid oor Sodom gebid het (Gen. 18), is die Engel van die HERE daar om ook sy bekommernisse te beantwoord.
- Toe Jakob in doodsbenoudheid moes vlug van sy broer, Esau (Gen. 28) was die Engel van die HERE daar om Hom te troos.
- Toe Moses in moedeloosheid uitroep: God, ek kan hierdie volk nie lei nie (Eks. 3 en 23) is die Engel van die HERE daar om hom te versterk en te vertroos.
- Toe Gideon vol vrees in die parskuip wegkruip toe God hom roep om die volk te rig (Rig. 6) – toe is die Engel van die HERE daar om hom moed in te praat.
- Toe Jesaja dink hy is nie waardig nie en te jonk vir die werk van God (Jes. 6) is die Engel van die HERE daar om hom anders te bewys.
- Toe Daniël se drie vriende deur die vlamme verteer moes word in die brandende oond (Dan. 3) en die mense in die oond inkyk sien hulle vier wesens – toe is die Engel van die HERE daar om hulle te beskerm
- Toe Daniël homself tussen leeus bevind wat hom uitmekaar wou skeur (Dan. 6) – toe is dit die Engel van die HERE wat hulle bekke sluit.

Jesus Christus is die Engel van die HERE. Hy is die leërowerste van die HERE ook in die strydende kerk se lewe vandag. Wat in die stryd van die kerk kan te groot wees vir Jesus Christus? Daar is 'n stryd wat gestry moet word. Maar soos Hy daar was vir hierdie Ou Testamentiese geloofshelde. So is Hy ook daar vir ons vandag. Hy belowe dit Self vir Sy Bruid, die kerk, vandag in Matt. 28:20 – *En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld.* Hy is 'n Leërowerste van 'n magdom engele wat elke dag Sy opdrag nakom om ons te beskerm maak nie saak in watse situasie of stryd ons onself bevind nie.

En as Josua dit besef dan staan daar in vers 14 – *Toe val Josua met sy aangesig op die grond en buig hom neer en vra Hom: Wat wil my Here aan sy dienskneg sê?* Sy onmiddellike reaksie is opregte aanbidding en gebed waarin hy na die Wil van God vra. Dan kry hy die opdrag in vers 15 – *Trek jou skoene van jou voete af, want die plek waar jy op staan is heilig.* En Josua het so gedoen. Dit is nie toevallig dat Josua presies dieselfde opdrag van Christus kry as Moses in Eks. 3 nie. Hulle albei staan op die punt om God se uitverkorenes te lei na verlossing. Maar die feit dat die plek heilig was, gaan nie oor die plek nie – dit gaan oor die teenwoordigheid van Jesus Christus op daardie plek. En daardie beginsel geld tot vandag toe nog: *Wees Heilige, want ek is Heilig* (Lev. 19:2; 1 Pet. 1:16). En om Heilig te wees beteken om te stry en te veg teen die sonde soos Josua teen Jerigo moes gaan veg het. Daarom geliefdes, is dit 'n besondere troos. As Jerigo se mure vir die strydende kerk te hoog begin lyk. As dit voel of die strydende kerk geestelik die een nederlaag na die ander lei, dan is die probleem dikwels omdat ons op ons eie kragte probeer staatmaak. Ek moet veg teen my drie aardsvyande, soos die Kategismus sê, die wêreld, die satan en ekself. Dit is dan wanneer ons agterkom, sonder die Leërowerste van die HERE veg ek 'n stryd wat ek nie kan wen nie... Hierdie stryd kan ons nie wen nie, maar dit is nie te sê dit kan glad nie gewen word nie – die oorwinning kom net deur lemand anders, nie jou eie werke of moeite nie, soos Paulus sê in 1 Kor. 15:57 – *Maar God sy dank, wat ons die oorwinning gee deur ons Here Jesus Christus.* En die feit dat Josua sy skoene moes uittrek was 'n teken daarvan. In daardie tyd was dit die gebruik dat as twee partye 'n verdrag sluit, die mindere party vir die meerdere sy skoene sou oorhandig as 'n bekragtiging op die ooreenkoms. Deur dit erken hy: Sonder U is die strydende kerk verlore. Josua, al is hy die leier van Israel, is nie so vol van homself dat hy dink hy is te goed om voor Christus te buig nie. Geen menslike kroon kan te laag buig voor die gestalte van die ENGEL van die HERE nie. As u die kop laat sak het in die lewe deur teleurstelling, moedeloosheid, spanning of wat ook al geliefdes, kyk op! En u sal die leërowerste van die HERE met die geloofsoog sien met sy ontblote tweesnydende swaard in Sy hand – gereed vir die stryd

saam met sy ontelbare engele. Die stryd waarvan die oorwinning reeds
versekering is aan die kruis op Golgota.

Amen.

Skriflesing: 1 Konings 17:1-7

TEMA: EK IS die Lewende Water...

Geliefdes in ons Here, Jesus Christus, God stuur kraaie en 'n spruit in die droogtes van ons lewens. Daardie tye waar die geestelike woestynson op my neer bak en ek in geestelike droogte verkeer. Die gevoel van: *God is ver van my af. Hy luister nie as ek tot HOM bid nie.* Dit is een beproewing na die ander. My lewensvreugde is weg, ja, daar is vir my geen hoop meer nie.

Dan kom openbaar God Homself vandag op 'n besondere manier aan ons midde in ons situasie, want die teksvers openbaar aan ons 'n man wat presies dieselfde gevoel het – Elia. Hy het met dieselfde geworstel op stoflike (fisiese) en geloofsvlak. Ons is nie die eerstes vir wie die droogtes van die lewe tref nie. Selfs God se profeet in die Ou Testament spring dit nie vry nie. Elia word in hierdie hoofstuk aan ons bekendgestel as 'n merkwaardige profeet. Hy was ook 'n vurige prediker sonder vrees, 'n hervormer en 'n wonderwerker. Gewoonlik word 'n profeet aan ons beskryf, dan word daar iets van sy herkoms gesê – wie sy ouers was, uit watter stam van Israel hy kom, maar nie Elia nie. Daarom het baie Joodse Skrifgeleerdes gedink dat Elia dalk 'n engel kon wees sonder aardse herkoms.

Maar die Apostel, Jakobus, leer ons in 5:17 - *Elia was 'n mens net soos ons...* Maar Elia het 'n besondere naam gehad. Sy naam was "*Elijahu*" wat beteken – "*My God is JAHWE...*" En hierdie God (*JAHWEH*) roep hierdie profeet, Elia, in die verskriklikste tyd van Israel se geskiedenis. Die beloofde land is verdeel in die suidelike tweestamryk met sy eie koning, Asa, en hoofstad, Jerusalem en dan die noordelike tien stam ryk met sy koning, Agab, en hoofstad, Samaria. Elia word gestuur om teen die noordelike tien stamme te profeteer. So lees ons dan in vers 1 dat Elia na koning Agab gaan met 'n boodskap van God: *So waar as die HERE, die God van Israel, leef, voor wie se aangesig ek staan, daar sal geen dou of reën in hierdie jare wees nie, behalwe op my woord.* Die rede vir so 'n drastiese uitspraak is omdat koning Agab beskryf was in 16:30: *En Agab, die seun van Omri, het gedoen wat kwaad is in die oë van die HERE, meer as al die voorgangers...* Agab is boos en hy lei die volk in sy bose dade saam en om als te vererger is Isebel, sy vrou, die boosheid vanself en sy beïnvloed Agab sodat die volk God moet verlaat en die god, Baäl, moet dien. Nou kom God en tugtig hulle met droogte en hongersnood sodat hulle hul weer tot HOM bekeer. En uit sy bekeringsboodskap is daar paar dinge opvallend. Elia profeteer dat daar 'n lang uitgerekte droogte sal wees wat hongersnood tot gevolg sal hê. Ja, die land wat beskryf word as 'n land wat oorloop van melk en heuning sal in 'n woestynwêreld verander word. Hy fluister dit nie vir die mense, sodat hulle

in opstand kom teen Agab nie, nee, hy spreek direk teen hierdie bese koning met sy Baäldiens. Die ironie is dat Agab sekerlik vir Elia afgelag het, want Agab aanbid Baäl en Baäl was destyds die god van storms en reën. Nou daag God vir Baäl uit op sy eie sterkpunte, maar hy bly 'n dooie afgod, soos Jer. 14:22 sê – *Is daar onder die nietige afgode van die nasies wat reën kan maak? Of kan die hemel reënbuie gee? Is U dit nie, o HERE ons God? En ons wag op U, want U doen al hierdie dinge.* Hy val die sentrum van Baäl aanbidning aan. Dan bid Elia ernstig (Jakobus 5) dat dit nie moet reën nie, as gevolg van die sonde en ongeregtheid van God se volk, Israel. God verhoor die profeet se gebed en vir drie en 'n half jaar reën dit nie 'n druppel nie. Ja, daar is selfs nie eers dou uit die hemel nie. Openbaring 11:6 sê – *Hulle (die twee getuies) het mag om die hemel te sluit, sodat daar in die dae van hulle profesie geen reën val nie...* En hierdie lang en uitgerekte droogte moet dien as tugtiging oor die verskriklike sondes van Israel. Die land wat eens op 'n tyd beskryf word as 'n land wat oorloop van melk en heuning word nou 'n woestynwêreld. Sy gebed word verhoor Elia sit nie en bekommer hom oor wat van homself gaan word nie, nee, God voorsien, maar God stap 'n pad met Elia om hom bekwaam te maak vir sy dienswerk wat vir hom voorlê. God gee Elia die opdrag om homself te gaan wegsteek vir drie en 'n half jaar in droogte, eers, by die spruit, Krit, wat oos van die Jordaan is. Krit beteken “afgesonder” of “afgesny” – in die droogste tyd van Elia se lewe is hy nog boonop afgesny van alles en almal. Hy het geen ondersteuningsnetwerk nie, maar dan sê een van die Skrifverklaarders dat Elia geleer word: *As God al is wat jy oor het, dan besef jy ook dat HY al is wat jy nodig het.* Die voorsienigheid van God roep hom na afsondering en eensaamheid. Daar sorg God vir hom. Al het hy nie werk om te verrig nie bid hy en dit berei hom voor vir sy dienswerk wat volg. Tog moet hy eet, Jakobus sê dat hy 'n mens was soos ons...

Geliefdes, dan word dit vandag net weer opnuut vir ons duidelik dat ons God se werkswyse nie kan verstaan of vooruit bepaal nie. Hy hou aan om Elia te verbaas op die wonderlikste maniere denkbaar. Elia moes sekerlik op 'n stadium gedink het, wat help dit tog alles om God te dien. Hy moet in 'n spruit sit en eet, terwyl die Baalpriesters in weelde aan die tafel van Isebel sit en eet (18:19). Maar eerder by 'n spruit saam God as aan tafel saam Baäl. Elia moet water drink uit 'n spruit, in Hebreeus, 'n Wadi... 'n Wadi was 'n bietjie water wat na vore gekom het in die reën seisoen. Dink vir 'n oomblik daaraan. Daar is drie en 'n half jaar droogte, maar midde in die droogte skep God 'n Wadi waaruit Elia kan drink. Elia het darem water, maar wat gaan hy eet?

En net as Elia dink hy kan nie meer verbaas staan oor God se sorg in sy lewe in droë tye nie, stuur God kelners om hom te bedien met vleis en brood,

tweekeer 'n dag. En hierdie kelners was nie engele, soos baie keer die geval was in die Woord, onder andere toe Jesus in die woestyn 40 dae land versoek is en honger geword het. Hierdie kelners is ook gevleueldes, maar nie engele nie. God stuur kraaie. In die benoudste tye in Elia se lewe sorg God vir hom uit die bek van 'n kraai. Roofvoëls, gulsige, selfsugtige gediertes wie se aard baie eerder is om die kos af te vat as om kos te bring. Wat dit verder so verwonderend maak is dat alle soorte kraaie onrein diere was volgens die Ou Testamentiese wet (Lev. 11:15). Ja, kraaie voed selfs nie eers van nature hulle eie kleintjies nie, maar God beskik en Hy sorg op die wonderbaarlikste maniere denkbaar, soos Psalm 34:11 sê - *Die jong leus ly armoede en het honger; maar die wat die HERE soek, het geen gebrek aan enigiets nie.* En dit geliefdes, is wat hierdie Skrifgedeelte vanoggend aan elkeen van ons openbaar midde in ons omstandighede. Al voel dit vir my, my woestyntyd wil nie einde kry nie. Ek sit al hoe lank by daardie afgesonderde spruit met net die kraaie om my geselskap te hou, weet dat God 'n plan het met elkeen van ons se lewens. En moenie dat die omstandighede u so verblind, dat u God se wonderwerke in u lewe (die kraaie en die wadi's) mis nie. Want midde in die droë tye van ons lewens, as ons dink HY luister nie meer nie, Hy het ons vergeet, is dit juis die tye waarin Hy op besondere maniere met ons besig is en met ons werk. Dit sien Jesus se dissipels midde in die storm op die see... *ek is nie alleen nie* – Jesus is daar om die storm stil te maak.

Dit sien Paulus as hy in moedeloosheid bid – Vader, neem tog hierdie doring in my vlees weg en hy die antwoord kry – *“My genade is vir jou genoeg...”* Ek haal jou nie noodwendig uit die woestyn uit nie (Elia moes drie en 'n half jaar daar sit). Ek los jou daar om jou iets te leer van hoe MY genade werk – maar EK verseker jou dat EK elke oomblik saam met jou is. Sulke tye in mens se lewe vra 'n geloof om op HOM alleen te vertrou. Daarom sê een van die Skrifverklaarders iets pragtig: *“Die wil van God sal ons nooit lei na waar die genade van God ons nie kan onderhou nie...”* Want net as Elia dink die situasie is onder beheer, dan kom God se beproewing nog feller. Die Wadi droog op. Ons kan al hoor hoe Elia moes sug en klae: *Here, hoe kon U dat dit gebeur?* Ek sit nou al hoe lank langs hierdie spruit. Ek eet net van dag tot dag wat stinkende onrein voëls voor my neergooi. Wat nou? Hoe gaan ek oorleef? Hoekom sou U so iets aan my wil doen? Maar geliefdes, hierdie Skrifgedeelte lê soos 'n goue draad deur die Skrif na die tyd net voor die wederkoms van Jesus, die Messias, plaasvind. In Openb. 12 word vir ons beskryf dat die kinders van God deur Satan versoek sal word. Die kinders van God, die gemeentes van alle eeue, word gesien as 'n vrou, dan lees ons in Openb. 12:6 – *En die vrou het na die woestyn gevlug waar sy 'n plek het wat*

deur God gereed gemaak is, dat hulle haar daar sou onderhou duisend-tweehonderd-en-sestig dae lank.

Gaan tel maar op hoe lank dit is – Presies drie en ‘n half jaar – God se tyd van beproewing en afsondering. Maar midde in die woestyntyd is dit steeds Hy wat onderhou. Dalk het God ons ook woestyn toe gestuur. Dalk het Hy binne die woestyn ons nog verder beproef deur ons wadi te laat opdroog. Soveel so dat ons nie meer weet wat of waarheen nie... Dan kom troos Jesus ons vanoggend soos Hy die Samaritaanse vrou getroos het in haar geestelike woestyntyd (Joh. 4: 13) – *“Jesus antwoord en sê vir haar: Elkeen wat van hierdie water drink, sal weer dors kry; maar elkeen wat drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie, maar die water wat Ek hom sal gee, sal in hom word ‘n fontein van water wat opspring tot in die ewige lewe.* Geliefdes, onthou die profeet, onthou die droogte, onthou die wadi en die kraaie, maar onthou veral ons Here, Jesus Christus wat sê: *Ek is die lewende water...* selfs in die droogte tye van jou lewe.

Amen.

Skriflesing: 1 Konings 17:8-24

TEMA: EK IS die Brood van die Lewe...

Geliefdes in ons ons Here, Jesus Christus, Ons staan baie keer in ons lewe met 'n laaste handjie vol meel voor God. Soms gebeur dinge in ons lewe waarvoor ons op daardie oomblik geen antwoord het nie en wat ons situasie al hoe meer hopeloos laat lyk – Siekte, eensaamheid, depressie, armoede. Dit lyk of God se voorsienigheid in my lewe nie meer sin maak nie. Ek kan nie mooi agterkom waarmee HY in my lewe besig is nie. U kan uself indink dat Elia presies dieselfde moes voel. Uit laas week se prediking word dit duidelik dat hy aan koning Agab moes gaan sê dat die vir 3 jaar en ses maande nie sal reën nie. Dan vat God hom na die spruit, Krit, waar Hy hom met kraaie versorg wat vir hom brood en vleis bring om te eet en water om te drink uit die spruit. En net as Elia dink sy lewe is nou weer onder beheer dan laat God die spruit opdroog. Wat moet Elia van dit alles maak? Hy doen alles wat die Vader van hom vra, maar die laaste waterplassies by Krit is daar nie meer om uit te drink nie, terwyl die Baälprofete aan die tafel van koning Isebel bedien word. Hoe is dit regverdig? Miskien het God my vergeet? Miskien wil Hy niks meer met my te doen hê nie? Die mens se twyfel en kleingeloof skop tog so vinnig in midde in die beproewings van die lewe. Die effek van die drie en 'n half jaar droogte word sigbaar. Mense sukkel letterlik om die pot aan die kook te hou. Dit lyk na 'n hopelose situasie en stuur af op 'n ramp. Mens sou dink dat die daar biddae vir reën uitgeroep word. Dat mense hulleself verootmoedig om elke hoek en draai, maar die enigste een wat bid is Elia en hy bid dat dit nie moet reën nie, sodat die kinders van God tot inkeer kan kom en afstand doen van die Baäl aanbidding. Maar in Israel gaan dit net van erg tot erger. Hulle oë wil nie oopgaan nie. Baäl is die sogenaamde god van reën, maar vandat Baäl in Israel gedien word en Elia gebid het, het dit nog nie een druppel gereën nie. Die ongeloof maak hulle sienende blind en horende doof. En daarom kry Elia nou die opdrag in hierdie Skrifgedeelte om Kanaän, die beloofde land, te verlaat en na Sarfat te gaan wat in Sidon is. (Vandag staan dit bekend as Libanon, noord van Israel). God het so min behae oor in die verbondsvolk, dat Hy sy profeet buite die grense van verbondsland uitstuur. Ons lees in Jesus se bediening dat Hy binne die grense van die beloofde land bly, behalwe in een geval waarvan ons lees in Matt. 15:21 – *En Jesus het daarvandaan weggegaan en na die streke van Tirus en Sidon vertrek*. Elia moet van die droë Krit af na Sidon toe en daar sal 'n weduwee hom versorg. In daardie dae was dit amper meer ongehoord dat 'n weduwee vir iemand moes sorg, as die kraaie by Krit. God se voorsienigheid hou net aan om Elia te verwonder. Maar waarom Sidon? Waarom nie sommer 'n weduwee in Israel nie, dit sou baie

makliker gewees het. Het Christus nie self in Luk. 4:25-26 die volgende gesê nie: *Maar ek sê vir julle die waarheid, daar was baie weduwees in Israel in die dae van Elia toe die hemel toegesluit was drie jaar en ses maande lank, toe daar 'n groot hongersnood gekom het in die hele land, en na nie een van hulle is Elia gestuur nie, behalwe na Sarfat in Sidon na 'n weduwee.* Geliefdes, ons besef nie mooi watse tipe plek Sarfat in Sidon was nie. Die stad, Sarfat, was in die hartjie van die Baäldiens. Sidon was Baälwêreld. Ja, ons lees in hoofstuk 16:31 dat die bese koninging Isebel 'n Sidoniër was en dat sy die invloed van Baäl in Israel ingebring het... Sou u Elia kwalik neem as hy op daardie oomblik in sy lewe gedink het: *Maar, God se voorsienigheid maak nie sin nie...* Hy het my uit Samaria en my mense uitgehaal en na Krit toe gevat en nou van Krit af na Sarfat. Hoekom maak God die paadjie vir Elia nie bietjie makliker nie? Want die gelowige is nie gemaak om gemaklike paadjies te loop nie, geliefdes. Die pad van 'n gelowige is vol dorings, opdraandes en afdraandes. Vol kronkels en modderplasse. Sodat as ons die pad klaar geloop het en wonder hoe ons daardeur gekom het ons net tot een gevolgtrekking kan kom: *God het elke tree saam met my gestap.* God wil aanhou om Elia in verwondering te hou oor Sy voorsienigheid. God droog die spruit op dat Elia kan besef dat Hy hom op meer as een manier wil versorg. Hy sal vir Elia sorg binne in Baäl se hoofkwartiere. Dit is asof God die spot dryf met afgod Baäl. Hy gaan soek hom op in sy "eie koninkrykie." En vir Elia word daar versorging gereël. Nie deur een van die ryk manne van die stad nie, nee, deur 'n arm weduwee wat God gewillig gemaak het om hom te versorg. En geliefdes, as ons dink ons het al armoede in ons lewe beleef, dan het ons nog nie die weduwee by Sarfat ontmoet nie. Die droogte was nou van so aard dat sy 'n handjie meel en 'n klein bietjie olie oorgehad het. Sy het nie eers paraffien of 'n stoof gehad nie, sy moes hout gaan optel, vrou alleen, om dit gaar te maak. Dit herinner aan die gebeure in Lukas 21 waar Jesus kyk na die mense wat gawes in die skatkis gooi. Hy het 'n arm weduwee daar twee geldstukkies sien ingooi toe sê Hy: *Waarlik, Ek sê vir julle dat hierdie arm weduwee meer as almal ingegooi het. Want hulle almal het uit hul oorvloed by die gawes van God ingegooi, maar sy het uit haar gebrek ingegooi alles wat sy gehad het om van te lewe.* Terwyl sy hierdie hout optel weet sy dat sy nou huis toe gaan en van die handjie meel 'n broodkoekie gaan bak. Dan gaan sy en haar seun dit eet en daarna sterf van die honger, want dan het sy niks meer nie. En nou word Elia na haar gestuur met die versoek (v.10) – *Gaan haal tog vir my 'n bietjie water in die kan, dat ek kan dink...* Midde in die droogte was water so skaars, dat sy dalk kon reken dat sy 'n paar munte geld kan verdien, maar haar bedoelings is suiwer. Sy loop om te gaan haal en dit wat volgende uit Elia se mond kom moes haar teen die grond gehad het (v.11) – *Bring tog vir my 'n stukkie brood saam...*

Daardie weduwee moes sekerlik gedink het: *Hierdie man kan nie ernstig wees nie*. Ek het 'n handjie vol meel oor en hy as vreemdeling vra my om daarmee vir hom 'n broodkoekie te bring? Daarom verduidelik sy haar situasie aan hom in vers 12. Sy en haar seun is op hulle laaste. Hulle gaan eet en sterf. Sy het baie meer rede as Nabal gehad om te vra: *Sal ek my vleis en my olie vir iemand gee wat ek van geen kant af ken nie, terwyl ek en my kind honger lei?* Maar hoe mooi troos God haar nie midde in haar beproewing deur Elia met die woord van vers 13 – *Wees nie bevrees nie...* Midde in die ergste beproewings ons lewe kom God se Woord suiwer – *Wees nie bevrees nie...* Wat 'n groot geloof sien ons nie by hierdie arm weduwee nie. Sy wat op sorg by God kon aanspraak maak (Hand. 6:1; 1 Tim. 5:3-5) moet nou vir die profeet van God sorg. En dit doen sy nou sonder om te klae, want sy weet wie se woorde dit is (v. 14) – *Want so sê die HERE, die God van Israel: Die meel in die pot sal nie opraak en die olie in die kruik sal nie minder word nie...* Tog sien ons uit hierdie groot geloof, dat daar ook gehoorsaamheid voortspruit (vers 15) – *En sy het gegaan en gehandel volgens die woord van Elia – en sy het geëet – sy en hy en haar gesin dae lank: die meel in die pot het nie opgeraak nie en die olie in die kruik nie minder geword nie, volgens die woord van die HERE wat Hy deur die diens van Elia gespreek het...* Wat leer dit ons wanneer ons by die droë spruite van Krit, of by die poorte van Sarfat staan, oorgelewer aan die hand en genade van 'n kraai en 'n weduwee met 'n handjie vol meel? Dit leer ons dat God vir sy kinders sorg op die wonderlikste en partykeer onverklaarbaarste maniere denkbaar. Jesus sê juis in Lukas 12:24 – *Kyk na die kraaie, want hulle saai nie en hulle maai nie; hulle het geen voorraadkamer of skuur nie, en tog voed God hulle. Hoeveel meer is julle nie werd as die voëls nie!*

Ja geliefdes, want uiteindelik wys hierdie gebeure ons op ons Here Jesus Christus. By die spruit van Krit leer Hy vir Elia en vir ons, as ons by ons eie spruite staan wat opgedroog het (fisies of geestelik) – *Ek is die lewende water. As iemand dors het, laat hy na My toe kom en drink! (Joh. 4)*. Soos die Psalms al van Hom profeteer (36:10) – *Want by U is die fontein van die lewe; in U Lig sien ons die lig*. En vandag leer Hy ons – as ons met ons laaste handjie meel staan (fisies of geestelik). Dalk kan ons nie meer nie. Dalk wil ons moed opgee as gevolg van ons beproewings. Ek het nog een handjie meel om te gee... Ek gaan dit gaarmaak en daarna gereedmaak om te sterf, dan gryp Jesus Christus in vandag met die Woord (Joh. 6:35) – *En Jesus sê vir hulle: Ek is die brood van die lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie, en wie in My glo, sal nooit dors kry nie*. Ja, die weduwee gee haar laaste handjie meel, en sodoende verkry sy die brood van die lewe tot in ewigheid – Jesus Christus. Daar kan woestyndroogtes oor ons lewens kom. Ons kan dalk tot die uiterste beproef word, maar midde in hierdie beproewings –

Onthou die spruit van Krit... Onthou die Kraaie... Onthou die weduwee van Sarfat met haar laaste handjie meel... En weet dat die Vader deur sy Seun vir ons elkeen wil sorg, daarom troos Christus ons (Luk. 6:21) – *Salig is julle wat nou honger het, want julle sal versadig word.*
Amen.

Skriflesing: 1 Konings 17: 17 - 24

TEMA: EK IS die Opstanding en die Lewe...

Geliefdes in ons Here Jesus Christus - Dit is skaars 50 jaar na die rustige en vooruitstrewende koningskap van Salomo. Na sy dood skeur Israel in twee (Noordelike en Suidelike ryke). Die noordelike ryk (waarteen Elia profeteer) trek al by hul sesde koning (waarvan drie vermoor is). Die koning nou in beheer trou met 'n vrou uit Sidon met die naam, Isebel, wat die priesters van God in die tempel laat vermoor en die Baäldiens in Israel inbring. En so word Baäl as god van reën in Israel aanbid. Maar in 1 Konings 17 roep God Israel weer op tot bekering deur die werk van die profeet Elia. Oor die afgelope twee geleenthede staan mens verstom oor hoe God Elia toerus en lei. Elia moet vir die bose koning Agab gaan sê dat dit vir drie en 'n half jaar nie 'n druppel sal reën nie, as gevolg van Israel se Baäldiens. Ja, daar sal nie eers in die oggende dou op die plante wees nie. Dan kan u uself voorstel hoe Agab Elia moes uitlag, want Baäl is mos die god van reën en storms – hy sal sorg. Wat weet Elia nou. Na Elia se woord aan Agab stuur God hom weg, na Krit, waar God vir Elia midde in hierdie geweldige droogte versorg deurdat die kraai hom twee keer 'n dag van brood en vleis voorsien en hy uit die spruit water drink. God se voorsienigheid vir Elia is so groot en Hy sorg op so 'n wonderbaarlike manier dat Hy selfs 'n kraai die opdrag gee om vir Elia brood en vleis te bring. 'n Voël in wie se natuur dit is om eerder kos af te vat en wat nie eers vir sy eie kleintjies sorg nie. En net as Elia dink – ek het hierdie beproewing onder beheer in my lewe, dan laat God die spruit by Krit opdroog om Elia nog meer te verbaas met sy sorg. Hy gee Hom die opdrag: Gaan na Sarfat in Sidon... Maar is Sidon nie die hartjie van die Baälaanbidding nie? Is dit nie waar koning Agab se vrou, Isebel, vandaan kom nie? Is haar pa se naam nie Et-Baal, wat beteken “*ek behoort aan baal*” nie? Nee, God moes 'n fout gemaak het... Ek het dalk nie reg gehoor nie. Wil God vir my sorg binne in die hoorkwartiere van Baäl? En asof dit nie erg genoeg is nie – Gaan na Sarfat, en daar sal 'n weduwee vir jou sorg. In daardie dae was dit ongehoord dat 'n weduwee vir 'n man sou sorg... Is die weduwees en die wese nie direk onder God se sorg geplaas nie (Hand. 6 & 1 Tim)? Daar aangekom kry hy 'n vrou wat besig is om houtjies op te tel, wat 'n handjie vol meel en 'n bietjie olie oor het. Wat een laaste broodkoekie gaan bak vir haar en haar seun en dan voor berei om van honger te sterf. Elia vra haar: *Bring vir my bietjie water* (v.10). En toe sy wegstap om dit vir hom te gaan haal hoor sy die profeet sê (v. 11) – *Bring tog vir my 'n stukkie brood saam. Die meel in die pot en die olie in die kruik sal nie opraak nie.* Dan sien ons die absolute geloof wat hierdie weduwee midde in haar beproewing openbaar. Sy doen wat die profeet sê en al reën dit nie, en al is

daar hongersnood het die Elia, die weduwee en haar seun genoeg om te eet. Dit is soos Paulus in Fil. 4:19 skryf - *"En my God sal elke behoefte van julle vervul na sy rykdom in heerlijkheid deur Christus Jesus."* 'n Weduwee en haar seun wat hulleself gereed gemaak het om te sterf van die honger het nou genoeg om te eet. Sy het begin dink: Dalk gaan dinge van nou af begin beter gaan. Ons het genoeg om te eet. Die droogte moet een of ander tyd ophou. My seun sal grootword en vir ons die lande kan bewerk en ons sal versorg wees. En net as daardie gerusstellende gedagte by haar insink - tref die tragedie hierdie weduwee weereens. Asof dit nie erg genoeg is dat sy reeds deur haar man se dood moes werk nie. Haar seuntjie sterf skielik. *Hoe werk God se voorsienigheid dan?* Het Hy ons nie 'n rukkjie terug uit die doodskloue van hongersnood gered nie? En net toe dit lyk of dit beter gaan, toe laat Hy in elk geval my seun sterf. En dit terwyl sy God se seën verwag het, want sy versorg een van die grootste profete van God – sy hou hom aan die lewe, maar haar eie seun sterf. En in die proses om te probeer sin maak van die manier hoe God in haar lewe werk begin sy om Elia te blameer en in vers 18 begin die beskuldigings – *Wat het ek met jou te doen? Het jy gekom om my aan my sonde te herinner en my seun dood te maak?* Vinnig is God se wonderlike sorg en voorsienigheid van die pot meel en die kruik olie vergete. As dit nie vir God se voorsienigheid deur Elia was nie – was al twee in elk geval al dood, maar dit kom nie by haar op nie. Sy dink: dalk het Elia gevra dat my seun moet sterf, hy bid dan dat dit in sy eie land nie moet reën nie. Haar bitter woorde, openbaar die bitterheid van haar hart. Maar Elia raak nie in 'n woordesryd met haar betrokke nie. Hy verdedig homself nie. Hy gee die opdrag: *Gee jou seun vir my...* Ook hierdie beproewing neem Elia na God toe. Hy vat die seun en dra hom na die bo-kamer. 'n Klein bo vertrekke in mense se huise waar gaste gewoonlik oornag het. En dan Geliefdes, wat deur Elia se gedagtes gegaan het kan ons nie mooi verstaan nie, want ongeveer 500 bladsye in God se Woord in en daar was nog nie 'n enkele voorbeeld van iemand wat uit die dood opgewek is nie. Vir 3000 jaar lui die doodsklokke al, vanaf die eerste dood van Abel wat deur sy broer, Kain, doodgeslaan is tot en met hierdie weduwee se kind. Ja, selfs die man na God se hart – koning Dawid bid in 2 Sam. 12:23 by die sterfbed van sy kind – *Maar nou is hy dood... Sal ek hom nog kan terugbring? Ek gaan na hom, maar hy sal na my nie terugkeer nie.* 'n Finale besef dat sy kind van hom weggeneem is. Maar een ding weet ons... Elia het gaan bid. Hy vat ook hierdie saak en sit dit in God se hande. Soos Job ook sê (2:10) – *Die goeie sou ons van God aanneem, waarom nie ook die slegte aanneem nie?* En ten spyte van die feit dat daar nog nooit 'n opstanding uit die dood plaasgevind het nie bid hierdie profeet deur die kragtige werk van die Heilige Gees (v.21) – *HERE my God, laat die siel van hierdie kind tog in hom terugkeer...* Dit is

wat na die dood gebeur – die liggaam en die siel skei van mekaar. By hierdie seun het dit klaar plaasgevind, maar die profeet bid, Vader, herenig tog liggaam en siel weer. En tot die verbasing van Elia begin die kind se lewensasem weer terugkeer. God verhoor Elia se gebed en laat die kind weer lewendig word. En so kom Elia met die lewende kind in sy hande van die bo-kamer afgestap en gee hom vir die weduwee met die woorde: *Kyk, jou seun lewe!* En nadat die weduwee al hierdie dinge beleef het roep sy hierdie belydenis uit (v.24): *Nou weet ek...* Sy het dalk gedink, sy het dalk gehoop, sy het dalk gewonder, **maar nou weet sy...** Een van die Skrifverklaarders stel hierdie gebeure vir ons in perspektief, hy sê: Op die ou end was die beste ding wat ooit met hierdie vrou kon gebeur – die dood van haar seun. Sodat sy deur daardie beproewing in haar lewe God kon leer ken en die ewige dood vryspring. Sy wat 'n geharde Baälaanbidder was in Sidon het deur die handjie vol meel, die bietjie olie en die dood van haar seun tot belydenis en geloof gekom: *Nou weet ek...* En nou begin die beproewings in ons lewe en waarmee ons worstel ewe skielik vir ons sin maak. God laat bepaalde dinge met ons gebeur, sodat ons nie aan ons siele sal skade lei nie.

En hierin sien ons twee dinge duidelik:

- Om midde in die beproewings van my lewe te reageer met geloof bring groei na God toe.
- Om midde in die beproewings van my lewe te bid bring aksie. Soos een van die Gereformeerde teoloë gesê het: *As 'n mens bid kom God in beweging en as God in beweging kom dan is die werk volbring.*

Maar ten spyte van hierdie geweldige groot gebeurtenis. Die eerste opstanding uit die dood in God se Woord weet ons nie wat hierdie seuntjie se naam is nie. Ons weet nie of hy toe groot geword het en die lande bewerk het en vir sy weduwee ma gesorg het nie. Ons weet niks verder nie, want dit is nie belangrik om te weet nie, MAAR daar is iets bitter belangrik wat ons rondom hierdie gebeure moet verstaan. Hierdie gedeelte in God se Woord is profesie, want dit is die werk van 'n profeet. En profesie wys altyd vooruit. Want na hierdie gebeure het maande later jare geword, en jare het eeue geword en die eeue het 'n millennium geword en daar het nog niks van hierdie profesie gekom nie, tot op EEN Vrydagmiddag toe 'n Man wat aan 'n kruis gesterf het in 'n graf geplaas is en drie dae later die klip van daardie graf weggerol is en Hy opgestaan het uit die dood. Die Naam van die heel eerste opstanding uit die dood in God se Woord is nie vir ons bekend nie, maar SY NAAM is bekend – HY word genoem JESUS, die MESSIAS. Die Een op wie elke profesie in die Ou Testament wys en so gaan hierdie profesie dan ook in vervulling.

Die weduwee van Sarfat se seuntjie word die eerste bousteen wat die weg baan vir die opstanding uit die dood. En die wese van hierdie profesie bevestig Jesus, net nadat Hy Lasarus uit die dood opwek in Sy bekende woorde (Joh. 11:25): *Jesus sê vir haar: **Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe.***

Wat 'n geweldige troos, want as gevolg van ons sonde is ons net so dood soos daardie weduwee se seuntjie. Ons was wandelende lyke – TOTDAT Christus opstaan uit die dood, dan skryf Paulus (Kol. 2:13) – *En julle, wat dood was deur die misdade ... het Hy saam met Hom lewend gemaak...* Ek kry deel aan Christus se opstanding om saam met Hom te lewe tot in ewigheid. Soms ruk God ons so deur die eerste dood van 'n geliefde, sodat ons uit die kloue van die tweede dood ontsnap. Daarom sê Johannes in Openbaring 20:6 – *Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees...* En so geliefdes, sorg God vir elkeen van ons midde in ons beproewings. Daarom wees getroos – dink daaraan:

- Wanneer u weer 'n woestyntyd sit – sien God se kraaie raak, sien die spruit wat water het, maar as die water opdroog, onthou Jesus se woorde (Joh. 4:14) – *Ek is die Lewende Water... wie van My drink sal tot in ewigheid nooit dors kry nie...*
- Wanneer u met die laaste handjie meel en bietjie olie staan en daar geen ander uitkoms meer is nie, onthou Jesus se woorde (Joh. 6:35) – *Ek is die brood van die lewe, wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie...*
- En wanneer u met die dood van 'n geliefde gekonfronteer word, of verlang na 'n man of vrou, pa of ma, broer of suster, 'n oupa of ouma wat reeds in Christus ontslaap het onthou die weduwee van Sarfat en haar seuntjie, maar bowenal, onthou Jesus se woorde (Joh. 11:24) – *Ek is die opstanding en die lewe; wie in my glo, sal lewe al het hy ook gesterwe...*

AMEN.

Skriflesing: Handeling 7

TEMA: 'n Lewe onder die geopende hemel...

Geliefdes onder ons Here Jesus Christus, *“Kyk, ek sien die hemele geopen...”* Dit die woorde van die eerste Christenmartelaar. So baie keer is ons net vasgenael in die dinge rondom ons, ons huise, ons probleme, ons besittings, maar vanoggend leer die openbaring van Handeling 7 ons om dieper na die hemelvaart van Jesus Christus te kyk, soos Paulus aan die gemeente in Kolosse sê: *Bedink die dinge wat daarbo is, nie wat op die aarde is nie.* So troos God se woord ons vanoggend met 'n man met die naam Stefanus. Hy was 'n besondere man. Die kerkgeskiedenis uit Handeling 7 is duidelik. Toe die werk te veel begin word vir die Apostels word Stefanus gekies as eerste diaken in die Christelike kerk (Hand. 6:5) en dan word hy beskryf as *'n man vol van geloof.* Daar staan ook dat hy baie tekens en wonders gedoen het (6:8). En toe begin daar 'n redetwis tussen hom en 'n paar manne uit Afrika (Libië en Egipte) in die Sinagoge van vrygemaakte slawe. Toe hulle sy geloof merk en hoe vol hy van die Gees is begin hulle 'n skinderstorie: (6:11): *Toe het hulle manne opgestook om te sê: Ons het hom lasterlike dinge hoor praat teen Moses en God.* En daarom bevind Stefanus hom nou in hoofstuk 7 voor die Joodse Raad, die Sanhedrin, met die hoë priester as regter oor die saak. Sy lewe hang af van wat hy volgende gaan sê (Hy het nie 'n “asseblief, ek sal nie weer” houding nie. Hy preek Jesus Christus aan daardie Jode wat Christus doodgemaak het. Hy wys die Israeliete van die Ou Testament se verbondsbreuk teenoor God uit en dat die Jode vir wie hy nou preek nie anders is as hulle nie. Hierdie koue, tradisievaste Jode, (kerkmense van hulle tyd) weet van Jesus Christus niks en daarom kom Stefanus by die punt in vers 51 waar hy sê: *Julle hardnekkige en onbesnedenes van hart en ore, julle weerstaan altyd die Heilige Gees; net soos julle vaders, so ook julle...* En, geliefdes, vir hierdie Jode is dit net een te veel (v. 54), hulle was woedend in hulle harte. Letterlike staan daar in die Griekse taal dat hulle harte middeldeer gesaag geraak het. Hulle was so kwaad dat hulle die pyn in hulle borskaste voel asof 'n saag hulle harte middeldeer saag. Hulle begin op hulle tande kners en so kom Psalm 35: 16 se profesie in vervulling as daar staan: *Onder die roekeloosste tafelspotters kners hulle met hul tande teen my...* Hierdie Jode kan Jesus Christus nie verdra nie, hulle haat Hom en daarom ook elkeen van sy volgelinge. Twee hoofstukke vroeër, preek Petrus (Hand. 5:32-33): *En ons is getuies van hierdie dinge, en ook die Heilige Gees wat God gegee het aan die wat Hom gehoorsaam is. Toe hulle dit hoor, was hulle woedend en wou hulle om die lewe bring.* Dan sien ons die verskil tussen die Joodse Raad en Stefanus. Die Joodse Raad weerstaan die Heilige Gees, maar Stefanus (v. 55) was vol van die Heilige Gees. Die Heilige Gees hou die

sleutel van Hemelvaart in sy hand, want net Stefanus kon die volgende sien... *en het die oë na die hemel gehou en die heerlijkheid van God gesien en Jesus wat staan aan die regterhand van God.* Stefanus aanskou die gevolg van hemelvaart eerstehands. Weet u dat in die Griekse taal presies dieselfde woorde gebruik word vir Stefanus wat na die hemel opstaan as vir die dissipels wat daar gestaan het en terwyl Jesus opvaar stip na die hemel opgekyk het (Hand. 1:10) – *En toe hulle nog stip na die hemel kyk terwyl Hy weggegaan het...* Hierdie opkyk aksie van Stefanus was presies dieselfde as die van die dissipels met Jesus se hemelvaart. Geliefdes, Stefanus kon so maklik oorweldig word deur sy eie omstandighede. Want hy weet as hy hierdie openbaring met hulle gaan meedeel gaan hierdie tandeknersende, hartpynende, woedende, koue Jode hom die doodmaak. Wat hulle met Christus gedoen het, sal hulle met hom ook doen. Moet hy swyg, of moet hy praat? Dan staan daar in Vers 56: *En hy het gesê: Kyk, ek sien die hemele geopen...* Nou deel Stefanus met hierdie klomp Jode ook wat hy deur die geopende hemel-deur sien: *die Seun van die mens aan die regterhand van God staan.* Let op hoe Stefanus Jesus se titel, Seun van die mens, gebruik. 'n Titel wat net Jesus met betrekking tot Homself gebruik het.

Maar geliefdes, dit is weereens die profesie van Hemelvaart uit die Ou Testament wat in vervulling moet gaan. Daniël 7:13-14 beskryf dit so duidelik: *Ek het gesien in die naggestigte, en kyk, met die wolke van die hemel het Een gekom soos die Seun van die mens, en Hy het gekom tot by die Oue van dae, en hulle het Hom gebring voor Hom.* Elke lid van die Joodse Raad (wat die Ou Testament so goed geken het) het dus geweet dat Stefanus na die Here Jesus kyk, want hy erken Jesus as die Vervuller van die Messiaanse profesie van Daniël 7 en daarom noem hy hom "Seun van die mens." Hy noem hom verder spesifiek "Seun van die mens" omdat hemelvaart in hierdie titel saamtrek. Die Seun van God het waarlik mens geword en na sy kruisdood en opstanding het Jesus Christus met sy volle menslike natuur sy volmaakte offer op Golgota in die hemel ingedra. En as Hy nou met sy menslike natuur daar in die hemel staan en Stefanus sien hom daar staan, dan beteken dit: die offer is aanvaar. En dit beteken verder dat ons menslike natuur weer toegelaat is in die ewige Paradys van God. Sondag 18 van die H/K stel dit so duidelik vir ons: *nou het ons ons menslike natuur in die hemel as betroubare waarborg dat die Here Jesus as die Hoof ook ons, sy lede, na Hom toe sal neem.* Geliefdes, hoe troosryk moes dit nie vir Stefanus gewees het om die Seun van die mens so te sien staan in die hemel, bekleed met sy menslike natuur. Dit is asof Christus vir Stefanus wil wys... sien jy dit... dit is die waarborg dat jy ook hierin sal deelkry. Jesus in sy ereposisie aan die regterhand van die Vader, soos dit in Daniël al geprofeteer word. Nie in 'n visioen aan Stefanus nie, maar in die harde realiteit. Tog is iets anders as die

beeld wat ons van Christus aan die Regterhand van die Vader het. Ons bely selfs: *wat sit aan die regterhand van God...* maar in hierdie geval sien Stefanus Jesus Christus staan aan die regterhand van God. Niks toevallig in die Woord van die Here nie, dit het besondere diep betekenis. Dit was gebruik dat as iemand die troonsaal van die koning binnekom dat die koning staan vir daardie persoon. Ons sien dit in 1 Kon. 2:19 as Batseba die troonsaal van Salomo binnekom dat die koning staan. Hier gebeur preseis dieselfde. As Jesus langs die Vader sit dan beteken dit dat die volmaakte offer gebring is en afgehandel is (as die werk klaar is gaan sit Hy).

Maar as Stefanus deur die geopende deur kyk dan sien hy Jesus Christus staan. Die betekenis daarvan is troosryk. Hy staan op om Stefanus, as eerste martelaar van die Christelike kerk, in die hemel in te laat. Stefanus kom die troonsale van die hemele binnegestap en dieselfde hande wat om ons ontwil deurboor is, is ook die hande wat na Stefanus uitgestrek staan om hom in te nooi.

En nou sien ons in vers 57 die uitwerking van die belydenis rondom Christus se hemelvaart op iemand wat die Gees weerstaan (die Joodse Raad) en iemand wat met die Gees vervul is (Stefanus). Waar Stefanus al hierdie wonderlike troos van hemelvaart beleef sien die Joodse Raad niks. Hulle is siende blind. Hulle hoor Stefanus se Christuspreek, en in plaas van bekering en blydschap en troos neem hulle woede intensief toe.

Dan lees ons van hulle reaksie: *maar hulle het met 'n groot stem geskreeu en hulle ore toegestop en soos een man op hom aangestorm.* En dit is die verskil tussen Geesweerstandig en Geesvervuld. Hulle kan die Naam van Jesus nie eers aanhoor so vol haat is hulle. Hier storm hulle op Stefanus af, maar sy oë bly hemelwaarts gerig, hulle skreeu, maar Stefanus bely. Die Hoë Priester vel sy besluit – Stefanus is skuldig aan Godslastering. Baie ooreenkomste word gevind met Jesus se eie verhoor. Dit wat die Hoë Priester in die verhoor van Jesus sê en doen (Matt. 26:65): *Toe verskeur die hoëpriester sy klere en sê: Hy het godslasterlik gespreek, wat het ons nog getuienis nodig? Kyk, nou het julle sy godslastering gehoor!* Maar dit is die verskil tussen die aardse hoëpriester en die hemelse Hoëpriester. Terwyl die aardse hoëpriester sy klere skeur en oordeel oor Stefanus vel het die Hemelse Hoëpriester met hemelvaart deur die hemele deurgegaan en staan Hy nou gereed om Stefanus te ontvang - Heb. 4:14 – *Terwyl ons dan 'n groot Hoëpriester het wat deur die hemele deurgegaan het, naamlik Jesus, die Seun van God, laat ons die belydenis vashou.* En hierdie belydenis van die geopende hemel beteken uiteindelik dat die Joodse Raad se geskreeu oorgaan in daade (vers 58): *En hulle het hom buitekant die stand uitgewerp en hom gestenig;* Op grond van hulle eie verdraaide siening van Lev. 24:16 vind hulle dit reg in hul

oë om Stefanus om die lewe te bring: *En wie die Naam van die HERE laster, moet sekerlik gedood word; die hele vergadering moet hom sekerlik steng. Die vreemdelinge net soos die kind van die land – as hy die NAAM laster, moet hy gedood word.* En toe hulle buite die stad kom het hulle, om makliker te kan beweeg, hulle kleeed by 'n man se voete neergesit met die naam van Saulus (v. 58). Waar Stefanus se bediening eindig, daar begin Saulus, Paulus, se bediening. Paulus, toe nog Saulus, het selfs die moord op Stefanus goedgekeur op daardie stadium, Hand. 22:20 – *en toe die bloed van Stefanus, u getuie, vergiet is, het ek ook self daarby gestaan en sy vermoording goedgekeur en die klere opgepas van die wat hom doodgemaak het.* En so, daar buite Jerusalem op daardie dag, het die klippe op Stefanus begin neerreën. Die eerste klip sou hom nie dadelik gedood het nie, daarom het hy tussen die klippe deur nog tyd gehad om onder die geopende hemel op sy knieë neer te val en hard uit te roep: *Here Jesus, ontvang my gees!* Dan bid hy verder net voor sy laaste asem hom verlaat: *Here, reken hulle hierdie sonde nie toe nie!* Stefanus het onder 'n geopende hemelvaarts hemel geleef en ook gesterf. Stefanus het so nou met ons Here Jesus Christus geleef dat hy twee van Jesus se kruiswoorde bid, terwyl die klippe sy liggaam een vir een deurboor. Geliefdes, die kerkvader Augustinus sê 'n verskriklike treffende ding, hy sê: *As dit nie was vir Stefanus wat net voor sy laaste asem gebid het: Here reken hulle hierdie sonde nie toe nie!, sou die Christelike kerk nooit vir Paulus geken het nie.* En so is Stefanus dood, die eerste martelaar van die Christelike kerk, onder 'n geopende hemel met ons Here Jesus Christus wat aan die regterhand van God staan. Daardie dag het die afstand tussen hemel en aarde weggesmelt. Die gordyn is opgelig sodat Stefanus die onsienlike troonkamers kon inkyk. En dit geliefdes, is die essensie, die middelpunt van Hemelvaart... Want as gevolg van Hemelvaart is dit nie net Stefanus wat onder 'n geopende hemel leef nie, maar ook elkeen van ons. As gevolg van Hemelvaart is dit nie net Stefanus wat onder 'n geopende hemel sterf nie, maar ook elkeen van ons. Wanneer die deure hier op aarde vir ons een vir een toegeslaan word, wanneer uiteindelik die deur van die lewe deur siekte stadig maar seker toegaan, dink dan aan die geopende hemel. En as ek my laaste asem uitblaas... Kyk hemelwaart, want daar sal u die geopende deur sien en die Seun van die mens aan die regterhand van God met sy deurboorde hande wat uitgestrek na u staan. En daar sal u die woorde van Openbaring 4:1 hoor: *Na hierdie dinge het ek gesien – kyk, 'n geopende deur in die hemel, en die eerste stem wat ek soos 'n basuin met my hoor spreek het, het gesê: Kom op hierheen...*

Amen.

Skriflesing: Johannes 19:17-30

TEMA: Tetelestai... Die kragtigste woord...

Geliefdes in ons Here Jesus Christus – Wat is nou werklik so goed aan Goeie Vrydag? As ‘n mens met eerste oogopslag al die gebeure van daardie Vrydag herroep, kan dit skaarslik beskryf word as ‘n Goeie Vrydag. Ja, selfs die son skyn drie ure minder op daardie dag as totale duisternis op die aarde neerdaal. Christus moet die hel deurstaan. Is dit al wat ons kan sê oor Goeie Vrydag? Nee geliefdes, want na die drie ure duisternis as die son weer op Golgota skyn dan is dit duidelik dat Jesus uit sy lyding begin uitbeweeg. En dan sê Hy sy vyfde kruiswoord: *Ek het dors!* Drie ure terug het Jesus nog drank geweier (wat Hom sou bedwelm het om minder pyn te voel), Hy drink dit nie, want Hy weet daar is nog werk om te doen. Hy moes by sy volle positiewe wees. Maar as dit na drie ure weer lig word, as Jesus dan klaar die straf van die hel gedra het, dan neem Jesus die drank wat hulle vir Hom gee. Waarom? Want Hy wil die kerk (sy bruid) hierdie leer, die hele wêreld moet dit weet – ja, selfs deur de troonsale van die hemel weergalm dit as Jesus die kragtigste, mooiste woord wat nog ooit gesê is daar aan die kruis uiter: *Tetelestai (Dit is volbring)*. Daar aan die kruis voor 3 uur die middag praat Jesus sewe keer, wat ook bekend staan as die sewe kruiswoorde. En baie naby aan 3 uur die middag, na die duisternis aan die kruis sê Hy die woorde: *Dit is volbring*. Die Griekse werkwoord beteken letterlik: *Dit is voltooi, klaar...* Dit waarvoor Ek gestuur is om te doen, dit het Ek gedoen... Soos Hy die Donderdagaand in sy Hoë Priesterlike gebed tot sy Vader bid (Joh. 17:4) – *Ek het U verheerlik op die aarde. Die werk wat U My gegee het om te doen, het ek volbring!* En daar aan die kruis is dit sy heel laaste genadehandeling soos die Nagmaalsformulier ook sê: *Deur die woorde “dit is volbring” het Hy vir ons die ewige genadeverbond bevestig.*

Toepassing: Hoe baie keer, geliefdes, los ons nie ‘n ding half gedoen nie en dan staan daardie ding jare voordat ons dit voltooi? Of as ‘n jongmens se lewe beëindig word dan dink ons by onself, daardie persoon moes nog so baie bereik. In terme daarvan gemeet was Jesus maar ongeveer 33jaar oud toe Hy aan die kruis sterf. Hy het ongeveer net 3 jaar se publieke bediening agter die rug. Het die kruis Hom nie dalk te vroeg van ons af weggeneem nie? Nee geliefdes, doelbewus in sy sterwensuur weet Hy: My werk hier is klaar – Tetelestai! Let wel dat Jesus nie sê: “Ek is klaar/volbring...” nie. Hy sê: Dit is volbring! Dit is nie meer vernedering nie, dit is triomf! Ons weet van die ander Evangelies dat hierdie woord: *Tetelestai* deur Jesus aan die kruis in ‘n groot stem gesê is, hard uitgeroep is. Hy het dit nie vernederend gefluister nie, dit was ‘n oorwinningskreet! Dit is ook belangrik om te weet

dat hierdie werkwoord in 'n vorm staan wat sy voltooidheid in die verlede beklemtoon, maar al is dit afgehandel het dit 'n gevolg tot vandag toe. 'n Mens kan "*Telelestai*" dus vertaal met: Dit is volbring op daardie dag wat Jesus aan die kruis gesterf het en dit is tot vandag toe nog volbring. Daarom geliefdes, is Christus se kruisoffer 'n eenmalige voltooide offer. Paulus sê dit so mooi in Rom. 6: 10 – *Want die dood wat Hy gesterf het, het Hy vir die sonde eens en vir altyd gesterwe...* Geen Roomse mis of Passiespele of rolprent is nodig nie, want sy kruisiging kan nie afgebeeld word nie. Daarom durf ons ook nie hierdie belangrike dag laat ontstaan in 'n konsert nie, soos so baie se gewoonte is nie. Eenmalig, genoegsaam, dit is volbring.

Charles Spurgeon, 'n bekende gereformeerde teoloog, sê: *Hierdie een woordjie sal al die ander woorde nodig hê om die ware betekenis daarvan te verduidelik.* Alhoewel dit vandag nie meer vir ons 'n algemene gesegde is nie, was dit vir die mense wat daar om die kruis van Jesus gestaan het en Hom dit hoor sê het 'n alledaagse woord:

- 'n Boer wat na 'n dier gekyk het wat vir hom so mooi was en sonder fout was sou hy aangekyk het en gesê het: Tetelestai!
- 'n Timmerman sou nadat hy 'n meubelstuk gemaak het waarop hy baie trots was gesê het: Tetelestai!
- 'n Kunstenaar sou nadat hy iets geskryf of geteken het uitgeroep het: Tetelestai!
- 'n Slaaf sou na sy baas terugkeer nadat hy die opdrag van sy baas uitgevoer het met die terugvoer: Tetelestai!
- Ja, dit kon selfs as 'n finansiële term gebruik word as 'n persoon 'n lening volkome afbetaal het, dan sou die bankier vir hom 'n kwitansie gee met die woord "*Tetelestai*" daarop afgedruk.

Dit is klaar, daar is niks wat by dit gevoeg kan word nie. Jy sal dwaas wees as jy selfs probeer met jou eie goeie werke iets aan Christus se redding wil toevoeg. Ja, Paulus sê in Kolossense dat daar 'n skuldbrief teen ons is en hierdie skuldbrief eis ons eie lewe, maar Hy kom met hierdie kruiswoord en Hy druk sy stempel op daardie skuldbrief af: Tetelestai! Dit is volbring, klaar betaal. En soos Jesus daardie dag daardie kruiswoord uiter, dan is daar 'n paar sake wat volbring is:

Eerstens, is sy lyding volbring. Ja, soos Jesaja 53 dit al eeue voor Jesus se menswording van Hom profeteer – *Hy was verag en deur die mense verlaat, 'n man van smarte en bekend met krankheid; ja, soos een vir wie 'n mens sy gelaat verberg; Hy was verag en ons het Hom nie geag nie.* Jesus se

menswording het alles te doen met sy vernedering. Sy Hemelse Vader draai sy rug op Hom en die son moet vir drie ure homself verberg as die sondes van al die uitverkorenes op Jesus gestort word. Jesus herinner sy dissipels deurgaans dat Hy moes ly (Luk. 9:22). En as Jesus aan daardie kruis sê: Dit is volbring, dan weet Hy, Sy leiding is klaar. Die lydingsbeker in leeg gedrink en die Vader se toorn oor die sondes is gestil. Die drie ure duisternis is verby en die skuld van die skuldbrief is betaal. Tetelestai! Maar vervolgens, as Christus uitroep: *Dit is volbring*, dan sê Hy dit met betrekking tot die offer wat sy kruisdood vervul. Vir honderde jare in die Ou Testament het daar riviere van bloed vanaf die altaar van God afgevloei en nie een sonde is ten volle betaal nie, al was die diere op die offer sonder enige gebrek (Lev. 22:20). Die offerwerk van die Ou Testamentiese priester het nooit opgehou nie, want die sonde het elke dag voortgegaan, maar as Jesus aan daardie kruis sterf, dan sterf Hy eenmaal en finaal as die perfekte en volmaakte offer. En as die priester die Pasga lam teen ongeveer 3uur daardie Vrydagmiddag in die tempel moes offer, gee die Vader sy Lam aan die kruis op Golgota tot 'n totale vergifnis van ons sondes.

Maar Jesus sê verder: *Dit is volbring*, aan daardie kruis, want Hy weet dat die Satan oorwin is. Die Satan dink die kruis is sy groot oorwinning oor die Seun van God, maar Hebreërs 2:14 sê - *...sodat Hy (Christus) deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het – dit is die duiwel*. Satan sit en wag met gespitste ore dat Jesus uitroep: Ek is klaar/volbring, maar Jesus sê: Dit is volbring. En uiteindelik sê Jesus “Dit is volbring” aangaande sy voltooide verlossingswerk aan die kruis, Sy ewige genade verbond wat Hy met ons bevestig. Daar is niks meer nodig om gedoen te word nie. Jesus kom doen dit wat die Vader Hom voor gestuur het (Joh. 5:36) - *...want die werke wat die Vader My gegee het om te volbring, die werke self wat Ek doen, getuig van My dat die Vader My gestuur het*. Dan sê die Nagmaalsformulier so mooi: *Eindelik het Hy met sy dood en bloedstorting die ewige genadeverbond bekragtig met die woorde: Dit is volbring*. Daar is uiteindelik voldoen aan die eise van die Verbond. Christus het ook die straf gedra vir ons verbondsongehoorsaamheid. Soos die Hebreërskrywer dit sê (8:6) – *Maar nou het Hy 'n voortrefliker bediening verkry sover Hy ook Middelaar is van 'n beter verbond wat op beter beloftes wettelik gegrond is*. Dit alles het Jesus gedoen en bevestig met die woord: *Tetelestai!* Bedoelende dat hierdie sesde kruiswoord nie net 'n volbringing is van die vyfde kruiswoord “Ek het dors!” nie, wat 'n profesie is uit Psalm 69, maar met “*Dit is volbring*” bevestig Jesus al sy Messiaanse werk, elke belofte op elke bladsy van die Ou Testament aangaande Hom, is afgehandel. En die oomblik toe daardie bepaalde minuut aanbreek - het Hy sy hoof gebuig en die gees gegee. Dit is Johannes se weergawe van die sewende en laaste kruiswoord (Luk. 23:46) –

Vader, in U hande gee Ek my gees oor! Christus se sterwe aan die kruis is dus nie van teveel bloedverlies, of pyn of soos ons so baie geneig is om te dink – Hy het daar aan die kruis letterlik versmoor nie. Nee geliefdes, Hy het mag oor die dood en daarom het Hy self doelbewus besluit, dit was 'n berekende besluit deur Jesus om presies drie-uur die middag te sterf. En daarom is dit so jammer dat die 83-Vertaling hierdie frase heeltemal verkeerd vertaal het met: *Hy het die laaste asem uitgeblaas...* Daar sit iets geweldig dieper daaragter dat Hy sy gees aan sy Vader toevertrou het. Die profesie van Psalm 31:6 word vervul as die Psalmdigter skryf : *In u hand gee Ek My gees oor...* Hierdie is die taal van 'n Hoë Priester, nie van 'n "armsalige sterwende figuur" nie. Die kruis dra nie meer die prentjie van 'n erg bebloede, uitgemergelde man wat na die einde van sy lewe verlang en oppad is nie. Hy is nie 'n bejammerendswaardige goeie man wat tragies sterf omdat Hy die pyn nie meer kan verdra nie. Hy is Priester, Profeet en Koning wat Homself die dood instuur. Een Skrifverklaarder sê dit so mooi: *Die feit dat hy mense uit die dood opwek, dit is baie, maar die feit dat Hy Homself die dood instuur, dit is alles.* Niemand het Jesus se lewe van Hom af weggevat nie, nie Pilatus, nie die Jode, nie die Romeinse soldate nie. Hy het Sy eie lewe gegee, Hy sê dit self in Joh. 10:18 – *Niemand neem my lewe van My af nie, maar Ek lê dit uit Myself af. Ek het die mag om dit af te lê en Ek het mag om dit weer te neem.* Kan u die groot verlossingsimplikasie daarvan beseft geliefdes? Arme Jesus, hulle het Hom doodgemaak versus Hy het sy eie lewe doelbewus gegee sodat ons vir ewig kan lewe!

Daarom broers en susters, as ons na die breë lyne van die Skrif kyk oor hierdie kruiswoord dan is dit interessant dat ses van die sewe kruiswoorde ons waarskynlik nooit weer uit Jesus se mond sal hoor kom nie.

1. Geen: *Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie.* (Lukas 23:34)

2. Geen: *Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees.* (Lukas 23:43)

3. Geen: *Daarna sê Hy vir die dissipel: "Daar is jou moeder."* (Johannes 19:27)

4. Geen: *"Eli, Eli, lama sabagtoni?" Dit is: My God, my God, waarom het U My verlaat?* (Matteus 27:46)

5. Nooit weer sal Jesus sê: *"Ek is dors."* (Johannes 19:28)

6. En nooit weer sal ons van Jesus hoor: *Vader, in u hande gee Ek my gees oor!* (Lukas 23:46)

Maar weer sal ons uit Jesus se mond hoor, hierdie sesde kruiswoord – *Dit is volbring*. As ons Here Jesus dit aan Johannes openbaar, dan staan daar op twee plekke in die Openbaringsbrief: *“Dit is volbring.”* As die laaste engel sy skaal op die aarde uitgiet en die wederkoms aankondig deur donderslae, bliksemstrale, aarbewings en groot haelstene, dan kom daar ‘n groot stem uit die tempel van die hemel wat sê: *Dit is verby (volbring)...* En dan uiteindelik hoor ons hierdie kruiswoord deur die eeue weergalm as ons eendag die strate van die nuwe Jerusalem sal bewandel, dan staan daar in Openb. 21:6 – *En Hy het vir my gesê: Dit is verby (volbring)! Ek is die Alfa en die Omega, die begin en die einde.* Ja, geliefdes, daar aan die kruis spreek Jesus een woordjie (die kragtigste woord nog ooit), wat my lewe van vandag af handomkeer kom verander het: Tetelestai!

Amen.

Skriflesing: Lukas 19:1-10 (HK Sondag 33)

TEMA: 'n Klein mannetjie se pad kruis met die van 'n groot God.

Geliefdes, in ons Here Jesus Christus - 'n Klein mannetjie, Saggeus, se pad kruis met 'n groot God. Jesus is deur Jerigo oppad na Jerusalem om daar aan die kruis te sterf, maar ten spyte daarvan dat Hy reeds soos 'n Lam na die slagpale gelei word is Hy nog steeds besig om sondaar op te soek en te red van alle klasse van die samelewing. Ons lees in die vorige gedeelte: Terwyl Jesus Jerigo binnekom het Hy 'n blinde/arm man gesond gemaak, en nou loop Hy vir Saggeus, 'n ryk man, raak.

Agtergrond:

Al was Saggeus 'n klein mannetjie was hy 'n statige en belangrike man in die gemeenskap. Sy naam in Hebreeus beteken "die regverdigste een", maar dit was hy alles behalwe a.g.v. die werk wat hy gedoen het. Hy was 'n tolenaar, of beter vertaal: 'n belasting-invorderaar. Hy het belasting ingevorder vir die Romeinse Ryk en is deur sy eie mense, die Jode, gesien as 'n verraaier wat hulle geld vir die vyand aandra. Die feit dat Saggeus geld ingesamel het en dit nog vir die Romeine het gewys dat hy meer in geld geïnteresseer was as enige iets anders. En Saggeus was nie sommer net enige belastinggaarder nie, hy was die "hoof" belastinggaarder. Hy was in beheer van al die agente en kon 'n gedeelte van die kommissie vir hom hou voordat hy die finale bedrag aan Rome stuur. En so was Jerigo ook 'n fantastiese plek om so 'n werk te bedryf, want daar het 'n klomp mense elke jaar deur Jerigo gekom en gegaan oppad na Jerusalem vir die fees van die Pasga. Jerigo was ryk aan balsem en hierdie kommoditeit het die geld in Jerigo laat instroom en Saggeus het net geskep. Jerigo is gesien as die belastinghoofstad van Palestina, die middelpunt van 'n besigheidsnetwerk so wyd soos Damaskus in die noorde en Egipte in die suide. En Saggeus was in beheer van een van net drie belastinggaarders in die hele land en heel moontlik ook die mees winsgewende een. Geen wonder vers 1 voeg by: *...en 'n ryk man*. Maar in die oë van die mense om hom was hy 'n gewetenlose verraaier. Belastinggaarders is in daardie tyd op dieselfde vlak geplaas as moordenaars, egbrekers en diewe. Tog was die tollenaars/belastinggaarders nie iets nuut vir Jesus nie. In Luk. 5:30 staan daar geskryf: *En hulle skrifgeleerdes en Fariseërs het by sy dissipels gemurmureer en gesê: Waarom eet en drink julle saam met tollenaars en sondaars*. Bygesê, dat die woorde tollenaar en sondaar vir die Fariseërs soos sinonieme was. Nou sien ons hoe die Woord lig werp op ons belydenis aan die hand van die Heidelbergse Kategismus Sondag 33 wat vra: *Uit hoeveel dele bestaan die*

ware bekering van die mens? Antw. Uit twee dele: die afsterwing van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens.

Die afsterwe van die ou mens:

En alhoewel Saggeus baie ryk was in die oë van die wêreld het hy diep binne hom geweet dat iets tekort skiet. Hy voel dit in hom dat die lewe oor baie meer gaan as om geld en besittings te versamel. En van vers 3 af begin ons lees dat Saggeus planne maak om Jesus te sien. Die mooi ding van vers 3 is dat daar nie staan dat Saggeus Jesus wou sien nie, nee hy wou sien wie Jesus **WAS**. Ons het dus hier te doen met die openbaring van Jesus Christus, die Seun van God. Hy, as ongelowige, wou te wete kom wat dit is wat Jesus anders maak as enige ander mens. Deur die werking van die Heilige Gees wou Saggeus meer weet oor die wese van Jesus Christus. Maar daar was struikelblokke in sy pad.

- Op fisiese vlak: Hy was te kort. Mens sien dit in die geloofsoog hoe Saggeus tussen die mense staan en rondspring.
- Op geestelike vlak het sy sonde hom weggehou van wie Jesus is, soos Jes. 59:2 sê: *maar julle ongeregtighede het 'n skeidsmuur geword tussen julle en julle God, en julle sondes het sy aangesig vir julle verberg, sodat Hy nie hoor nie.*

Saggeus het nie net fisies kort gekom nie, maar soos elkeen van ons wat vanoggend hier sit het hy ook geestelik ver kort gekom. Hy kon nie by God se standaard hou nie. Hy was kort in goeie dae en lank in sonde en ongeregtigheid. Nou staan daar in vers 4: *En hy het vooruit gehardloop en in 'n wildevyeboom geklim...* In die Joodse kultuur was dit vernederend vir so 'n ryk man om te hardloop, maar Saggeus gee nie om nie, hy hardloop, want onthou, dit gaan oor wie Jesus is. Wildevyebome het algemeen gegroei aan die kant van die paaie en die takke het horisontaal oor die pad gegroei. Saggeus het nie toegelaat dat enige iets tussen hom en Jesus staan nie. Nie die skare nie, nie sy fisiese klein voorkoms nie, nie die feit dat dit vernederend was om te hardloop nie, niks! Hierdie kan ons op ons eie lewe van toepassing maak – kan ons vanoggend maak soos Saggeus en ten spyte van my voorkoms, die manier hoe ek hier aangekom het, wat mense dink en sê: Ek gee nie om nie, want dit gaan hoofsaaklik oor wie Jesus IS, dit gaan oor Jesus Christus wat my as sondaar kom opsoek het? Want in vers 5 verskuif die fokus van die soekende sondaar na die opsoekende Verlosser: *En toe Jesus by die plek kom, kyk Hy op en sien hom en sê vir hom: Saggeus, maak gou en klim af, want Ek moet vandag in jou huis bly.* Nou kom Saggeus vir die eerste keer agter dat dit nie hy is wat Jesus gesoek het nie, maar dat dit Jesus is wat Hom kom opsoek het. Alhoewel Jesus oppad Jerusalem toe is

om daar aan die kruis te gaan sterf maak Hy steeds tyd vir n soekende sondaar langs die pad in Jerigo. Saggeus sou Jesus nooit gevind het, as Jesus hom nie eerste gevind het nie. Dit sien ons in die feit dat Jesus die inisiatief neem om persoonlike kontak met Saggeus te maak. Soos vers 10 sê: *Want die Seun van die mens het gekom om te soek en te red wat verlore was.* Daar is 'n absolute ernstigheid in Jesus se opdragte: Jesus roep hom nie as die mannetjie in die boom nie, Hy roep hom op die naam: Saggeus! *maak gou en klim af...* Moenie langer tyd mors nie, soos Paulus ons leer in 2 Kor. 6:2 – *Kyk, nou is dit die tyd van welbehag; kyk, nou is die dag van heil (verlossing).* Nie more oggend nie, nie volgende week nie: Nou! Ons mense is mos snaakse goed. Ons wil die Here ken, ons wil sy Woord bestudeer, maar net nie nou nie: more, volgende week... Jesus sê: Nou is die tyd. Nou gee Jesus vir hom die tweede deel van sy opdrag: *...want ek moet vandag in jou huis bly.* En dadelik staan die Fariseërs en Skrifgeleerdes en kritiseer, Hy mag nie saam met sondaars aan huis gaan nie en dit is verbode dat Hy 'n sondaar se kos mag eet. Let wel, Jesus steur Hom so min aan hierdie mense, daarom hierdie opdrag aan Saggeus. En nou lees ons in vers 6: *Hy maak toe gou en klim af en het Hom met blydschap ontvang.* Saggeus wou maar net in 'n boom sit en Jesus van nader sien, nou wil Jesus aan tafel saam met hom gaan. Saggeus het hom met blydschap ontvang en in teenstelling daarmee sien ons in vers 7 dat die skare wat agter Jesus aangeloop het gemurmureer het. Nie net sekeres nie, almal. Die woord murmureer in die Griekse taal beteken om onderlangs te brom. Hulle vind fout met Jesus se optrede. Dit word gekoppel aan die wortel van die woord in Hebreeus toe die volk, Israel, in die woestyn was en voor God gemurmureer het. Ons kan maklik vinger wys na die skare: Waarom vind julle fout met Jesus se optrede? Maar hoeveel keer is ons nie deel van daardie skare wat murmureer as Jesus by iemand wat in ons oë sleg is besoek aflê met sy genade en die ewige brood met hulle deel nie? Dit is so maklik om te dink ons is beter as ander en ons sondes stink vir onself altyd darem bietjie minder as ander se sondes.

Opstanding van die nuwe mens:

En daardie dag gebeur daar iets om daardie etenstafel van Jesus en Saggeus wat onverklaarbaar is. Op grond van dit wat Saggeus volgende gaan sê kan ons verseker aanneem dat hy tot bekering gekom het tydens hierdie maaltyd. Sy bekering word bevestig deur die opstanding van die nuwe mens, soos HK Sondag 33 dit stel: *Dit is 'n hartlike vreugde in God deur Christus en lus en liefde om na die wil van God in alle goeie werke te lewe.* Dit is presies wat ons sien in die lewe van Saggeus, daar het verandering in sy hart gekom.

En soos Jesus en Saggeus daar by die tafel sit, staan hy skielik op en sê vir Jesus: *Here, kyk, die helfte van my goed gee ek vir armes; en as ek iemand iets afgepers het, gee ek dit vierdubbel terug.* Kan u uself indink hoe moeilik dit moes wees vir Saggeus om hierdie woorde te sê? Hy wie se lewe oor geld gegaan het, oor die aardse oor die stoflike. Maar dit was nie so moeilik vir hom nie want Jesus Christus het die bekering in hom gewerk, soos ons lees in Klaagliedere 5:21 – *Bekeer ons tot U, HERE, dan sal ons ons bekeer...* Jesus het sy hart verander en as iemand se hart verander, dan verander sy dade ook. Hierdie woorde vloei voort as gevolg van dankbaarheid, Eseg. 36:26 – *En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in julle binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee.* Saggeus is nou 'n ander mens, hy wil die helfte van sy besittings vir die armes gee, sonder dat iemand daarvoor gevra het. Die mannetjie wat klein gevoel het sy hele lewe lank en ander hanteer het asof hulle klein was deur hulle geld te neem het ewe skielik groot geword vir al die regte redes. Om die diepte van sy woorde te verstaan moet ons die konteks in ag neem. Dit is as baie vrygewig gesien as iemand 20% van hulle besittings weggee het, maar Saggeus gee 50%. Verder weet Saggeus dat hy volgens die Wet (Num. 5:6-7), slegs dit moet teruggee wat gesteel is en 20% daarby voeg, maar Saggeus is bereid om vierdubbeld terug te gee. Hoe duidelik wys die opstanding van die nuwe mens nie hoe Jesus Christus lewe in dooie harte wek nie? Geliefdes, die bewys van Saggeus se ware bekering was mededeelsaamheid. Voordat hy Jesus ontmoet het was geld alles vir hom, maar na sy bekering het dit iets geword wat hy begin weggee het. Soos een van die skrifverklaarders sê: *Die oomblik as jy iets besit wat jy nie kan weggee nie, dan besit jy dit nie meer nie, maar dit besit jou.* Daarom geliefdes, dink vanoggend so daaroor en laat elkeen van ons se lewens nadat ons hierdie Woordverkondiging gehoor het getuig van 'n daaglikse totale afsterwe van die ou mens en 'n opstanding van die nuwe mens. Want oppad na die kruis het Jesus Christus ook in die geloofsoog by 'n boom gestop waar ons as sondaars gesit het en ons op die naam geroep en gesê: *Want die Seun van die mens het gekom om te soek en te red wat verlore was.* En Jesus Christus het ons in Sy genade gevind.

Amen.

Preek oor Psalm 16

Voor die Skriflesing:

Die feit dat Dawid hierdie Psalms geskryf het kan nie betwis word nie. Petrus bevestig hom as skrywer in Handeling 2:25 en Paulus in Handeling 13: 35-37.

Skriflesing: Psalm 16

Geliefdes in ons HERE, Jesus Christus – ‘n *Goue Psalm* wat ‘n *diep geheim hou*, dit is hoe die opskrif, die Hebreeuse woord “Michtam” hierdie Psalm beskryf. Baie Skrifverklaarders noem Psalm 16 Dawid se juweel. Nou wat maak Psalm 16 so besonder en uniek in ons gemeente se omstandighede vanoggend? Moet ons onself deur menslike interpretasietjies laat lei? Nee, die sleutel om hierdie goue Psalm se diep geheimenis oop te sluit lê by Jesus Christus. Hy is die sleuteldraer van hierdie Psalm. Dit is waarom een van die Skrifverklaarders sê: *Hierdie Psalm sê iets van Dawid, maar dit sê baie meer van Jesus Christus*. Daarom praat ons van hierdie Psalm (en van die ander 149 Psalms) as Mesiaans, want dit profeteer vooruit na die Messias wat ongeveer 700 jaar later sou mens word. Daarom sê Christus in Matt. 22: 43 – *Hoe is dit dan dat Dawid Hom in die Gees Here noem...* Al is die agtergrond van hierdie Psalm nie vir ons baie duidelik nie weet ons wel dat Dawid in ontsaglike groot gevaar verkeer. Daarom hierdie innige gebed in vers 1 – *Bewaar my, o God*. Die Hebreeuse woord vir “*bewaar*” dra die beeld van lyfwagte wat hulle koning beskerm, of ‘n herder wat sy skape teen roofdiere beskerm. Baie Skrifverklaarders bring dit in verband met Christus se gebed aan die kruis: *Eli, Eli, lama Sabagtani? My God, My God, waarom het U my verlaat?* Dawid was self ‘n herder en weet hoe hy sy pa, Isai, se skape moes bewaar teen gevaar. Hy is self koning van Israel en weet hoe sy lyfwagte werk om hom veilig te hou, maar as dit by God kom in die gebed, dan is dit Hy wat bewaar, dan is Hy die herder en die lyfwag wat sy kinders veilig hou. Daarom roep Job God so aan op een van Sy Name, eretitels (Job 7:20) – *As ek gesondig het, wat doen ek U aan, o Mensebewaker?* Midde in Job se verskriklike beproewings en hartseer roep hy God dieselfde aan as Dawid – Mensebewaker.

Bewaar my, o God, want by U skuil ek... die werkwoord impliseer ‘n aksie wat aanhou. Dawid weet waarheen om te hardloop midde in die gevare van sy lewe. In vers 2 lei sy innige gebed met God tot persoonlike getuigenis – *Ek het tot die HERE gesê: U is my Here; vir my is daar geen goed bo U nie*. Ek het tot die HERE (Verduidelik dat die Ou-Vertaling tereg onderskeid maak tussen HERE – “Jehova” en Here – “Adonai”). Jehova – die Naam wat Hy gebuik om Homself in die verbond aan ons te openbaar. Dawid roep die Verbondsgod

aan en sê vir Hom: *U is my Here... my Adonai, my Eienaar – ek is U besitting.* Daar is vir my geen goed bo U nie... Johannes Calvyn vertaal hierdie frase met: *“Selfs my beste werke is vir U nie aanneemlik nie.”* Hierdeur word die goud van die Psalm vir ons na vore gebring in die sin dat ons moet weet: Maak nie saak wat ons doen nie, ons kan God nie beïndruk nie. Hy het ons nie nodig nie. Om God se guns te probeer wen is ‘n saak van onmoontlikheid. Selfs Dawid roep dit op sy sterfbed uit (1 Kron. 23:14) ‘n paar jaar na hierdie Psalm geskryf is – *Wie is ons om aan Hom genade te bewys?* Ons is onverdienstelike diensknegte. Maar hierdie Psalm laat ons nie daar nie, dit ontsluit vir ons die geheimenis hoe ons wel deel kan kry van God se genade (v.5) – *Die HERE is die deel van my erfenis en van my beker; U onderhou my lot...* Die taalgebruik hier herinner ons aan eeue tevore by die verdeling van Kanaän. Elke stam het ‘n bepaalde stuk grond in die beloofde land, hulle erfdeel, gekry, behalwe een stam – die Priesters, Leviëte. Van hulle sê God in Numeri 18:20 – *“Ook het die Here vir Aaron gesê: Jy sal in hulle land nie erwe nie, en jy sal geen deel onder hulle hê nie. Ek is jou deel en jou erfenis onder die kinders van Israel.* Maar hoe pragtig lê die goue draad van hierdie goue Psalm nie diep ingevleg tot by ons Here Jesus Christus nie? Die goue drade van hierdie Psalm is gevleg om die kruis van Golgota. U is die deel van my erfenis en van my beker. As Jesus in die tuin van Getsemane kom in die nag waarin Hy oorgelewer is om gekruisig te word dan val Hy daar op die grond en bid hartstogtelik uit (Mark. 14:36) – *Abba, Vader, alle dinge is vir U moontlik; neem hierdie (lydings) beker van My weg; nogtans nie wat Ek wil nie, maar wat U wil.* Dawid weet deur die ingewing van die Gees dat eeue vooruit die Messias die lydingsbeker wat ek van die Vader moes kry as gevolg van my sonde deur Jesus Christus leeggedrink sou word. Daarom sê Dawid nie net meer dat die HERE sy erfenis is nie. Hy sê in vers 6 dat sy erfenis vir hom mooi is – dit is iets waaraan hy konkreet deel kry. Ironies, Dawid sou op grond van die familietradisies van daardie tyd nie kon verwag om enige iets van sy pa, Isai, te erf nie omdat hy die jongste seun was. Maar by God is dit totaal anders, Dawid bely *“die meetsnoere het vir my in lieflike plekke geval... Die meetsnoer is wat gebruik is toe die beloofde land Kanaän in erfdele vir die stamme van Israel afgetree is. En Dawid is bly oor sy erfdeel in Kanaän – hy kry Bethlehem, die stad waarin die Messias waarvan hy eeue tevore profeteer sou Mens word, waarvan daar selfs gesê is dat sy water beter was as al die ander stede s’n (2 Sam. 23:15), maar as hy stil word en dink oor sy lewe dan kan hierdie prima stuk grond in Israel nie vergelyk met sy ewige erfenis wat hy ontvang het – God self. U onderhou my lot... Geen noodlot nie. Omdat God my lot onderhou kan ek seker wees van my ewige erfenis. Dieselfde Hebreuse woord word in Eksodus 17: 12 gebruik as Aaron en Hur*

Moses se hande in die lug moet hou as hy te moeg word om dit self te doen. Omdat Dawid aan die erfenis en die beker deelagtig gemaak is merk hy op: Dit is veral in die tye van my lewe wat my arms begin lam word, wanneer ek in moedeloosheid uitsak, dat God my lot onderhou, dat Hy onder my inkom soos Aaron en Hur onder Moses ingekom het. Dit is Hy wat my staande hou. Geliefde gemeente, hoe mooi spreek hierdie Psalm nie vanoggend ons hartseer en ons bekommernis aan nie? Die Heilige Gees kom vanoggend met hierdie troosboodskap – *U is die deel van my erfenis...* En U sal my nooit verlaat nie, want by U skuil ek (v.1). Hierdie Psalm rig my gedagtes na bo, na die hemelse, dit is waarom die groot hervormer, Johannes Calvyn, soveel klem in hierdie Psalm lê op vers 2 – *selys my beste dade is nie vir U aanneemlik nie...* Met 'n aardse pa moet 'n mens belangstelling wys, met die oog om iets te mag erf, maar met die hemelse Abba, Vader, word alles ons deelagtig gemaak op grond van die werk van Sy Eniggebore Seun, Jesus Christus aan die kruis op Golgota. Daarom sê Paulus vir die gemeentes in Galasië (4:7) – *Daarom is jy nie meer dienskneg nie, maar kind; en as jy kind is, dan ook erfgenaam van God deur Christus.*

- Dit is waarom hierdie Psalm deur Petrus aangehaal word in Handeling 2, om die diep geheimenis van hierdie Psalm vir ons te gee – *deelagtig deur Christus se hemelvaart.*
- Dit is waarom hierdie Psalm deur Paulus aangehaal word in Handeling 13, om die diep geheimenis van hierdie Psalm vir ons te gee – *deelagtig deur Christus se opstanding uit die dood.*

Ja, omdat ek nou kind en erfgenaam is om Christus wil *word Hyself ook my beker.* Daarom sê Dawid in vers 4 dat hy die drankoffers van bloed van ander gode nie op sy lippe sal neem nie. Hy sal die beker van die vals gode nie geniet nie. Die bloedbeker van die gode gaan met graagte by hom verby omdat hy die heerlike inhoud van sy eie beker (Jesus Christus) gesmaak het. En daarom, geliefdes, lê die goue drade van hierdie goue Psalm tot by die ewige erfenis. Nie die aardse Kanaän en Jerusalem nie, maar die ewige beloofde land en die bruilofsmaal van die Lam. Daar word vir my plek gereed gehou, soos Dawid weer 'n paar Psalms later (23) sê – *U berei die tafel voor my aangesig teenoor my teëstanders; U maak my hoof vet met olie; my beker loop oor...* 'n Beker, vol van God se genade, lydensbeker word bloedbeker, word genadebeker. Dawid sien hoe Christus ons laat deel aan sy verlossingsdade as Hy skink en die beker loop oor. So kan ons getroos deur hierdie goue Psalm deur die lewe gaan met die wete dat my hemelse erfenis vir my wag. 'n Plek aan die tafel van die bruilofsmaal van die Lam, met die Gasheer, my Hemelse Bruidegom – Jesus Christus wat vir My die beker gee – Neem, drink almal daaruit, gedenk en glo dat my bloed gestort is tot 'n

volkome versoening van al jou sondes. Waarlik, *Die HERE is die deel van my erfenis en my beker; U onderhou my lot. Die meetsnoere het vir my in lieflike plekke geval, ja, my erfenis is vir my mooi.*
Amen.